

Sing vooraf staande: Psalm 81:9, 10, 12 (p. 412)

- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 99:1, 2, 3 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!
- 3 Loof Gods mag: Hy's reg / in sy oordeelsweg; / volke 't Hy gestraf, / Isr'els reg verskaf.
Loof, verhef die HEER, / werp jul voor Hom neer; / en laat al wat lewe / voor die Regter bewe!

Gebed

Psalm 97:1, 4, 6 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolke donkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel,
met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.
- 6 Beminnaars van die HEER, / haat wat sy Naam onteer,
en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.

Skriflesing: Habakuk 2:5-20

Kernverse: Habakuk 2:18-20

Wat baat 'n gesnede beeld dat sy maker dit reggekap het, 'n gegote beeld, wat 'n leuenleraar is, dat die maker op sy eie maaksel vertrou, deur stomme afgode te maak? Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: Word wakker! vir 'n dooie klip: Ontwaak! Kan hy 'n mens leer? Kyk, hy is oorgetrek met goud en silwer, en daar is géén gees in sy binneste nie! Maar die HERE is in sy heilige tempel—swyg voor Hom, o ganse aarde!
(Habakuk 2:18-20 AFR53)

Tema: God is Koning, Hy eis rekenskap van almal

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as ons die woord *afgod* of *afgodery* hoor, dink ons onmiddellik aan 'n beeldjie van 'n mens of 'n dier wat deur mense aanbid word omdat die beeldjie hulle god is of 'n beeld van hulle god. As 'n mens sou vra wie bedryf afgodery, sal ons dadelik die vinger na ander mense wys. Dit is die mense in die Ooste wat Boeddha aanbid, daardie beeldjie van 'n oorgewig mannetjie wat met gekruiste bene en toe oë sit. Dit is die mense in Afrika wat hulle voorvadergeeste aanbid. Dit is nooit ons wat sulke onbesonne dinge sal aanvang nie. Ons is tog nie so onnosel om vir 'n stuk hout te sê: Word wakker! nie. Ons is nie so gek om ons hulp en leiding van 'n dooie klip te verwag nie. Ons sal mos nooit so dwaas word en sê dat die beeld wat ons gemaak het ons god is nie.

Maar is dit regtig waar, broers, susters en kinders? Is afgodery onder ons werklik dood en begrawe? Die antwoord op hierdie vrae sal weldra vir ons duidelik word. Die Woord van die Here bly altyd 'n skerp, tweesnydende swaard waarmee die Heilige Gees diep en sekuur sny.

Habakuk het die eerste maal by die Here gekla oor al die onreg en geweld wat daar in sy eie land onder sy eie mense aan die gang is. Die Here het Habakuk geantwoord en gesê dat Hy die Galdeërs stuur om met hulle geweld die onreg uit Jerusalem uit te roei. Hierop het Habakuk 'n tweede klagte tot die Here uitgeroep: Maar, Here, die Galdeërs is dan sulke goddelose mense, hulle is afgodsdienaars en ons Jode is darem regverdiger as hulle. In sy antwoord het die Here dit duidelik gemaak dat daar vir Hom net twee soorte mense is: aan die een kant die mense wat Hy regverdig maak, en aan die ander kant al die ander mense. Wanneer die Galdeërs kom om die Jode dood te maak en weg te voer in ballingskap, sal dit net die regverdiges wees wat bly lewe, ewig lewe omdat hulle deur die geloof lewe.

Met hierdie woorde het die Here vir Habakuk en sy volk getroos. Die mense wat regtig 'n intiem persoonlike verhouding met die Here het, sal lewe al sterf hulle deur die hand van die Galdeërs. Hulle sal lewe omdat God hulle regverdig gemaak het. Maar met hierdie woorde is nog net 'n gedeelte van Habakuk se klagte beantwoord. Aan die einde van sy tweede klagte het hy ook vir die Here gevra: Sal die Galdeërs meedoënloos voortgaan met hulle geweld? Sal die Galdeërs nooit rekenskap van hulle verskriklike dade gee nie? Die antwoord op hierdie vrae het ons nog nie gehoor nie.

Die Here hou nie by vers 4 op om Habakuk te antwoord nie. Hy gaan verder en antwoord ook die laaste vrae van sy kind se klagte. Die Galdeërs is wel die instrument in die Here se hand waarmee Hy sy volk gaan tugtig. Maar dit beteken nie dat die Galdeërs enigsins hulleself kan verontskuldig nie. Hulle sal nooit kan sê dat hulle maar net die Here se opdrag uitgevoer het en daarom nie rekenskap vir hulle optrede hoef te gee nie. Buitendien het die Galdeërs geen ontsag vir God nie, want hulle eie mag is hulle god. En as die Here die Galdeërs gebruik om sy volk te tugtig, beteken dit ook nie dat God nou die bewerker van die kwaad is nie. Ons God is heilig en volmaak regverdig. By Hom is daar nie sonde nie. Inteendeel, Hy haat die sonde en sal daarom elke sonde wat gepleeg word regverdig straf, in hierdie lewe en in die toekomstige lewe. Ook die woeste en wrede Galdeërs sal nie skotvry kom nie.

Broers, susters en kinders, die Here het eintlik reeds in sy eerste antwoord gesê dat die Galdeërs nie skotvry sal kom nie. Aan die einde van sy eerste antwoord het die Here gesê:

... hy wie se krag sy god is. (Habakuk 1:11b AFR53)

Daarmee het die Here klaar die oordeel oor die Galdeërs uitgespreek. Hulle geweld en mag is hulle eie ondergang. Hierdie oordeel van die Here is so finaal dat Hy nou in die tweede deel van hierdie antwoord klaar die begrafnislied vir die Galdeërs skryf. Ja, inderdaad, dit wat ons vanaand gelees het, is 'n begrafnislied met vyf verse. Dat die afgodsdienaars deur hulle eie geweld en mag ingehaal gaan word en onder sal gaan, is so seker dat die Here 'n begrafnislied nog lank voor die ballingskap vir die Galdeërs kan skryf. Wie is dit wat regeer? Nie die Galdeërs nie, al is hulle ook hoe sterk. Dit is ons Here wat in sy heilige tempel is. Hy regeer. En met hierdie begrafnislied sny die skerp, tweesnydende Woord van die Here na die ongelowiges se kant toe.

In die eerste twee verse van die lied sê die Heilige Gees dat daar ellende wag vir die mens wat homself deur geweld verryk. En in die volgende twee verse van die lied hoor ons dat daar ellende kom vir die mens wat met geweld regeer om sy eie koninkrykie in stand te hou. In die laaste vers dryf die Here met sy begrafnislied in tot by die hart, tot by die rede waarom Hy die Galdeërs sal tref. Hulle het gekies om afgode te aanbid, en wat 'n mens aanbid, beïnvloed 'n mens se keuses en lewenstyl.

Maar wat is afgodery nou regtig en hoe beïnvloed dit 'n mens se keuses en lewenstyl? 'n Afgod is leeg, leweloos en nutteloos maar dit het 'n ongelooflike sterk houvas op die lewens van die afgodsdienaars. Die afgod kan nie praat nie, maar leer vir die afgodsdienaar 'n klomp leuens. Aangesien die leuens vir die afgodsdienaar reg lyk en klink, stel hy sy vertroue geheel en al op die afgod. En sodoende het die afgod God se regmatige plek in daardie mens se lewe ingeneem. Die afgod lê beslag op die mens se vertroue wat net op God gevestig mag wees. Die afgod gee voor om leiding aan die afgodsdienaar te gee, maar leiding kan net van God af kom omdat Hy die enigste, ewige Here is. Daarom sê die Here in ons kernverse dat die lewe van 'n afgodsdienaar een stuk bedrog is.

Die afgod kan tog nie praat nie. Waar kom die leiding en die sogenaamde wysheid dan vandaan? Dit kom van die mens self af wat die afgod aanbid. Sy eie sondige mag en sy eie sondige gedagtes lei hom in die rigting wat hy gaan. Met sy eie besluite wat hy aan die leiding van die afgod toeskryf, bepaal hy die koers van sy lewe. Daarom is hy in staat om sulke wrede dinge te doen. Daarom kan hy ander lande en volke plunder en onskuldige bloed vergiet, want in sy eie oë is dit reg. Sy god het hom dan in hierdie rigting gelei, so glo hy.

Wanneer 'n mens so deur jou eie sondige gedagtes van God af weggelei is, word alles wettig. Vir die Galdeërs was die geweld wat hulle gepleeg het wettig. En as geweld eers een maal normaal geword het, word dit gou-gou noodsaaklik en uiteindelik is dit wettig. Want in die oë van die sondaar doen hy mos niks verkeerd nie.

Tot troos van sy mense, die mense wat Hy regverdig gemaak het, sê die Here: Luister na My. Ek sing nou al die begrafnislied vir die Galdeërs. Hulle sal met geweld teen Jerusalem optrek en baie mense doodmaak, ook onskuldige mense, maar hulle sal nie skotvry kom nie. Hulle sal rekenskap moet gee vir hulle geweld. Daarom roep Habakuk aan die einde van die Here se antwoord uit: Almal op die aarde moet stil wees in die Here se teenwoordigheid! Die Here regeer! Hy is in sy heilige tempel!

Ook die Galdeërs moet stil wees, want dit is nie hulle wat regeer nie, al is hulle so magtig. Dit is ook nie hulle afgode wat regeer soos wat hulle beweer nie. Die Here regeer en as hulle nie met hulle geweld en wreedheid gaan ophou nie, gaan die Here hulle stilmaak. Hierdie begrafnislied wat die Here skryf, getuig daarvan. Die volk van die Here moet stil wees in die teenwoordigheid van die Here. Hulle hoef nie meer te kla nie. Hulle hoef ook

nie die reg in eie hande te neem nie. Die Here sal die Galdeërs oor hulle wreedheid veroordeel. Met sy skerp tweesnydende Woord sny die Here na die afgodsdienaar wat met 'n lewe van bedrog voortgaan om geweld te pleeg.

Nou moet ons egter ook daarop let dat die skerp tweesnydende Woord van die Here ook na die ander kant toe sny. Die Here het in hierdie tweede deel van sy antwoord sy oordeel bekend gemaak wat op die Galdeërs sal afkom. Hierdie woorde is tot troos en vermaning eers vir die volk van die Here gepreek. Daar is immers net een van twee wat mense kan aanbid. Óf jy aanbid die enigste lewende God, óf jy aanbid afgode wat die maaksel van jou eie verdraaide verstand is.

Hierdie begrafnislied het die Here nie net vir die Galdeërs geskryf nie maar ook vir die mense in Jerusalem wat onreg en geweld gepleeg het. Hulle het geweld gepleeg en hulle eie mense uitgebuit en die reg verdraai omdat hulle naas die lewende God ook hulle eie gedagtes nagevolg het. Dit wat reg was in hulle eie oë om hulleself te verryk, dit het hulle gedoen. Dit wat reg was in hulle eie oë om hulle eie koninkrykies in stand te hou, dit het hulle gedoen. Al het dit beteken dat hulle arm mense uit hulle eie huisies moes verkul, al het dit beteken dat hulle die reg moes verdraai. Dit alles het nie saak gemaak nie. Ook hierdie Jode se lewe was een stuk bedrog. Hulle het nou wel nie 'n afgodsbeeld gehad soos die Galdeërs nie, maar net soos die Galdeërs het hulle die leuens van hulle eie sondige gedagtes agterna geloop. Hulle sondige gedagtes het hulle ook van die lewende God af weggelei. Toe hulle onreg en geweld eers "normaal" was, het dit later noodsaaklik geword en uiteindelik wettig. In hulle eie oë het hulle nie verkeerd gedoen nie.

Omdat die Here se Woord skerp is en sekuur na albei kante toe sny, sny Hy vanaand ook na ons toe, ons wat so maklik die vinger na ander mense wys as daar van afgodsdien gepraat word. Ons kom terug na die vrae wat ons aan die begin gevra het. Pleeg ons glad nie afgodery nie? Is afgodery heeltemal dood by ons?

Geliefde gemeente, ons maak nie vir ons beeldjies van hout of klip om te aanbid nie. Maar afgodery is onder die mense van vandag nog net so lewendig. Wanneer my besittings, my huis, my beroep, my ambisies, my familie of wat ook al die fokuspunt van my lewe word, dan pleeg ek afgodery. My besittings, my huis, nie een van hierdie dinge kan praat en my leiding gee nie. Maar wanneer hierdie dinge die fokuspunt van my lewe geword het, sê ek vir myself voor wat vir hierdie dinge nodig is. Dan begin ek al meer van my energie en tyd en aandag aan hierdie dinge bestee. Hierdie dinge raak dan 'n obsessie vir my en ek sal alles doen om hierdie dinge te beskerm. Ek sal selfs onreg en geweld pleeg as dit daarop aankom. My vertroue is ook op hierdie dinge gevestig, want as hierdie dinge uit my lewe moet verdwyn, kan ek maar net sowel sterf. Wat is die fokuspunt van my en jou lewe, broer, suster en kind? Is dit iets wat ons vir onself gemaak het of is my en jou lewe op die lewende God toegespits?

Dit maak egter nie saak of ek of jy enigiets van die goed wat ons so pas genoem het as die fokuspunt in ons lewe het of nie. Ons hoef nie noodwendig een van hierdie goed as fokuspunt te hê om aan afgodery skuldig te wees nie. Elke ding wat ek doen wat na my eie oordeel reg en goed is sonder dat ek seker maak of dit met God se wil ooreenstem, grens aan afgodery. As ek daarop uit is om iemand terug te kry omdat hy my benadeel het, volg ek my eie dwase gedagtes in plaas van om vir die Here te luister. As ek met 'n geskel en 'n gevloek almal na my pype wil laat dans, doen ek wat reg is in my eie blinde oë. Ja, alles wat ek doen om myself ten koste van enigiemand anders te handhaaf, is eiesinnigheid. Luister wat sê die Here vir koning Saul:

Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. (1 Samuel 15:23 AFR53)

En twee maal wys die Here deur Paulus vir ons daarop dat gierigheid afgodery is (Ef 5:5; Kol 3:5). Solank as wat selfsug en eersug nog 'n invloed in ons eie lewens het, is ons inderwaarheid besig met afgodery. In plaas daarvan om onself eerder aan die gesag van die Woord en die Heilige Gees te onderwerp en ons selfsug en eersug te kruisig, dien ons ons eie sondige gedagtes wanneer ons dit slaafs bly navolg.

Ja, ons plaas miskien nie doelbewus iets anders naas God of in die plek van God op wie ons ons vertrou stel nie. Maar almal van ons luister baie maal eerder na ons eie sondige gedagtes in plaas daarvan om die Here te gehoorsaam. Ek vertrou my eie denke dan meer as wat ek die Here vertrou. As ons dit hoor, kan ons nie anders nie as om te erken dat afgodery ook nog springlewendig is by ons.

Met sy volmaakte Woord sny ons Here skerp en sekuur na albei kante toe, ook in ons lewens in. Na die een kant toe sny die Heilige Gees en Hy vertroos ons. Na die ander kant toe sny Hy en vermaan ons.

Broer, suster en kind, jy wat onder die geweld van iemand anders deurloop en onreg ly deur 'n geweldenaar, jy word ook vanaand deur die Here getroos. Vir jou wat onder die skellende en vloekende tong van iemand anders moet deurloop by die huis of by die werk, vir jou troos die Here ook. Jy kan maar stil wees in die teenwoordigheid van die Here. Hy sien die geweld raak waaraan jy blootgestel is. Hy regeer en Hy het hierdie begrafnislied ook vir jou geweldenaar geskryf. Met sy skerp tweesnydende Woord sny die Here na die afgodsdienaar wat met 'n lewe van bedrog voortgaan om geweld te pleeg. Die dag wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke van die hemel sal Hy elke mens wat met onreg homself verryk het en met geweld sy koninkryk in stand gehou het tot verantwoording roep. Dan sal so 'n mens nie kan pleit dat hy of sy die wil van die Here uitgevoer het nie. Ons Here Jesus sal so 'n mens met die asem van sy mond verdelg en met een woord in die ewige verdoemenis instuur.

En vir my en vir jou, ons wat so baie maal eiesinnig optree en maak soos wat ons wil, vir ons vermaan die Here vandag. Ons bely so graag dat Christus ons Here is omdat Hy ons vrygekoop het met sy kosbare bloed. Hy het ons vrygemaak van die slawekettings waarin ons onself begewe het. Daarom behoort ons aan Hom en het Hy seggenskap oor ons hele lewe. Maar wanneer ons eiesinnig optree of iets anders die fokuspunt van ons lewe maak, begin ons op die pad van die afgodsdienaar loop. Met hierdie begrafnislied wil die Here ons wakker skud. Hy wil hê ons moet die droefheid in sy stem hoor, want ons moenie dink dat die Here lekkerkry wanneer Hy mense vir hulle sondes moet straf nie. Dit breek sy hart om te sien hoe mense vir wie Hy alles gegee het, selfs sy Seun gegee het, steeds gaan doen wat hulle wil en self so hulle ondergang bewerk.

Geliefdes, daar is net een manier hoe ons uit hierdie greep van ons eie dwaasheid sal kan kom. Daar is net een manier om regtig 'n skoon en gesonde lewe te lei: ons moet terugkeer na die geopenbaarde wil van God. Hy is in sy heilige tempel en ons moet stil word in sy teenwoordigheid. Dan sal ons kan hoor as Hy ons leer wat sy wil is. En wanneer ons uit hierdie erediens uitgaan, bid en smeeke ons die leiding van die Heilige Gees af sodat ons onself vandag en môre en elke dag aan die gesagvolle regering van ons Here Jesus sal onderwerp. Hy regeer nie met 'n koue ysterhand nie. Hy regeer met 'n hand vol liefde. Die liefde wat Hy vir jou en vir my het, het letsels in sy hande gelos. Die merke van die spykers is steeds daarin.

Laat ons dit altyd onthou: God is Koning, Hy sal rekenskap van almal eis. Laat ons eerder nou as later rekenskap gee van ons optrede.

Amen!

Slotgebed

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het geleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 September 20 14